# *Sakekop,* SAGTE hart

*Vir dié drie vroue is sakesukses nie genoeg nie. In 'n harde wêreld wil hulle ook sag aan ander raak*

**Deur MARIETTE SNYMAN**



FOTO ELMARIE KNAPTON; ROK TED BAKER; JUWELE LULU BELLE; GRIMERING ADELLE JUNG; FOTO GENEEM BY CASTELLO DI MONTE WWW.CASTELLO-HOTEL.CO.ZA

'WANNEER KLIËNTE ONS PRODUKTE KOOP, ONDERSTEUN HULLE GEMEENSKAPPE WAT SWAARKRY'.

## CARINA FRANCK: *'N HART VIR AFRIKA*

In velsorgkringe is Carina Franck 'n groot naam. Sy was twaalf jaar lank die eienaar van Nimue Skin Technology International, wat sy in dertig lande tot 'n gerespekteerde, internasionale handelsmerk uitgebou het. In 2013 het Carina Nimue verkoop om aan 'n nuwe droom gestalte te gee: Kalahari™, 'n egte Afrika-reeks met die suiwerste bestanddele én die suiwerste doelstellings.

"Wêreldwyd is die nuwe gonswoord natuurlike produkte en olies uit Afrika, en in hierdie opsig is ons produkreeks uitstekend geposisioneer. Dis 95% natuurlik, en omdat daar geen besoedeling in die Kalahari is nie, is die sout wat ons gebruik byvoorbeeld van die suiwerste beskikbaar.

"Ons bestanddele kom van volhoubare ekostelsels soos geharde woestynplante en bome. Dit word volgens



'AS DIT NIE GOED GAAN MET DIE WÊRELD NIE, IS EK OOK NIE GELUKKIG NIE,' SÊ JENNA.

*'Die kinders na wie Reach for a Dream uitreik, het soveel om te gee ondanks alles wat met hulle gebeur het'*

Phytotrade Africa se etiese metodes deur plaaslike gemeenskappe geoes. Ons koester die omgewing, en ons verpakkingsmateriaal is ten volle herwinbaar en bioafbreekbaar."

Die verpakking is meerdoelig, en dis mooi! So kan die fyn houertjie van afvalhout waarin die buisie handeroom verpak word, ook as 'n brilhuisie gebruik word.

Kalahari™: ancient desert secrets is onlosmaaklik met die Khoi-San verbind.

"Wetenskaplikes en botaniste van twee plaaslike universiteite doen al jare lank navorsing oor die inheemse plante van Afrika. Die hoofdoel van Kalahari™ is om die mense van Afrika se erfenis te bewaar, vaardighede oor te dra, werk te skep, hulle sosiaal op te hef, en ook medies uit te reik. Die projek naaste aan my hart is die een wat op die kinders fokus. Ons het reeds die eerste van 'n paar skole gebou en verskaf nie net opvoeding nie, maar ook kos, klere en gratis mediese sorg deur ons uitreikprojekte wat deur verskeie lande ondersteun word. Wanneer kliënte ons produkte koop, ondersteun hulle gemeenskappe wat swaarkry."

Carina het op 'n plaas in die Upington-omgewing grootgeword, maar die helfte van haar lewe oorsee gewoon. "Ek is eintlik 'n plaas-*girl* gekamoefleer as 'n sakevrou. Ek moes die sirkel voltooi om te besef hoe ongelooflik Afrika is. In die twaalf lande waarheen ons uitvoer, gaan mense na die betrokke spa's om 'n uur van stilte te koop en met ons rooi duinesand – wat mikroskopies eintlik 'n halfedelgesteente is – afgeskilfer te word. In die Kalahari kan ek op die harde klei van Kopan, 'n pan met 'n radius van 5 km, gaan lê en my eie hartklop hoor - gratis en verniet."

Carina is passievol oor die bemagtiging van veral vroue. Sy glo aan sakementorskap en tree gereeld as internasionale spreker op.

"As die Khoi-San jou groet, sê hulle: 'Ek sien jou.' Dit beteken: 'Hier op die duin het ek jou van ver af sien aankom. Ek is hier, in die oomblik, bewus van jou.' Ek glo dis hierdie soort konneksie met onsself, ander en die aarde wat ons ten diepste nodig het."

**www.kalaharistyle.com**

## JENNA CLIFFORD: *KAMPVEGTER*

Jenna Clifford is sinoniem met pragjuweliersware, maar sy is allermins toegespin in 'n kokon van kreatiwiteit en "*beautiful living*". Sy het 'n skerp oog vir kwessies wat ander se welsyn, die natuur en die ekonomie in gevaar stel, en skroom nie om prontuit daaroor te praat én die daad by die woord te voeg nie.

"In die Weste word sukses aan mag, geld en status gemeet. Hoewel ek gek is na mooi dinge, het ek nie 'n tipiese verbruikersingesteldheid nie. As dit nie goed gaan met die wêreld nie, voel ek ook nie gelukkig nie. Ek is nie Moeder Teresa nie, maar dis vir my belangrik om 'n verskil te maak waar ek kan."

Jenna het 'n sagte plek vir kinders en diere, en het spesiale juweliersreekse ontwerp om die Reach for a Dream Foundation en 'n renosterbewaringsprojek te ondersteun.

"Die kinders na wie Reach for a Dream uitreik, het soveel om te gee ondanks alles wat met hulle gebeur het. Ek het 'n reeks silwer skoenlapper-hangertjies ontwerp omdat vlinders 'n kragtige simbool van transformasie is – hulle kan hul DNA verander! Die